

Lekkerbekkie Nuusbrief

27 MEI 2015 | UITGAWE 100



Inhoud:

- * Kinderstorie: Die maanmanneltjie
- * Produk van die week: Olifanter-majanter!
- * Inkleurentjies: Die maanmanneltjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die maanmanneltjie deur Corlie Putter

Op 'n dag besluit 'n maanmanneltjie om aarde toe te kom. Hy was nog nooit op die aarde nie. Hy trek sy stapskoene aan en gly dan met 'n baie lang tou tot op die grond.

Eenkant op die aarde staan 'n huisie, en die maanmanneltjie staan nader. Hy het nog nooit 'n huisie gesien nie. "Ek wonder wat is binne in?" sê hy. Hy druk sy maanmanneltjie-neus platter as pannekoek teen een van die venstertjies, maar hy kan nie by die huisie in sien nie.

"Hoe gaan ek in die huisie kom?" wonder hy. Dan sien hy die skoorsteen op die dak. "Aha!" roep hy vrolik uit, en met een groot sprong spring hy tot bo-op die huisie se dak. Hy klouter in die skoorsteen en gly af tot onder. Hy land met 'n harde "KARPLAKS!" op sy maan-boudjies!

"EINA!" kerm hy en vryf sy boudjies. Maar dan val die maanmanneltjie se mond oop. Hy het nog nooit so baie oulike goeters gesien nie! Wat kan dit alles wees? In die badkamer is 'n tandeborsel met 'n buisie tandepasta, maar die maanmanneltjie weet net mooi niks van tandepasta nie! Hy dink dit is iets om sy ore mee skoon te maak! Hy druk tandepasta op die tandeborsel uit en steek dit in sy oor! Hy borsel op en af en heen en weer totdat albei sy maan-oortjies mooi skoon is en baie lekker ruik.

In die kombuis sien hy die yskas. "Dit moet seker 'n bad wees!" roep hy uit. Hy maak die yskas oop en klim binne in. Maar sommer gou vind hy uit dat dit baie koud is daar! Sy maan-lippies word blou van die koue. "Dit is darem BAIE koud in hierdie bad!" mompel hy. Hy soek rond na iets om hom mee te was, en sien 'n bottel tamatiesous in die yskas se deur. Hy draai die tamatiesous-bottel oop en gooi dit oor sy lyfie. Nou skrop hy lekker tussen sy maan-tone en onder sy armpies met die sous! Hy dink sowaar dis seep!

Na die koue bad voel die maanmanneltjie honger, en hy begin soek na iets om te eet. Hy verlang skielik na die maan-kafee met die lekker maan-broodjies en sy maag raas. Hy soek onder die tafel en agter die bank, maar kry nêrens kos nie! "Waar bêre die mense al hulle kos?" wonder hy.

Teen die muur hang 'n spieël, en toe die maanmanneltjie daar verbyloop en homself in die spieël sien, skrik hy yslik groot! Hy skrik só groot dat hy deur die venster spring en soos blits by die tou opklouter tot hy veilig terug is op die maan. Hy gee nie om of daar oulike dinge op die aarde is nie – hy bly nie een oomblik langer op 'n plek waar daar sulke snaakse groen mannetjies rondloop nie!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!

Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week


'n Olifanter-majanter het ons juffrou ingesluk!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week verskyn daar weer 'n heerlike nuwe storie-CD - vars uit die pen van Anna Emm! Moenie hierdie eenaardige vier stories "'n Olifanter-Majanter het ons juffrou ingesluk" misloop nie - voorgelees in moderne kindertaal soos net Anrich Herbst kan! Wanneer Nancy besluit om vir haar juffrou 'n prentjie van 'n Olifanter-Majanter te teken... word die dierasie per ongeluk REGTIG... en sluk hy vir Juffrou Alletea in. Nou moet die kinders hom volg na die Land van die Majanters om hulle juffrou te gaan reg - vóór dit te laat is... Besikbaar in Afrikaans of Engels ("An Elephanter-Gelater has swallowed our teacher!") Koop jou Olifanter-Majanter storie-CD hierdie week @ slegs R89 – by enige AnnaEmm agent - of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Eenaardige kinderstories op CD...

voorgelees deur Anrich Herbst!



Toe Nancy vir Juffrou Alletea 'n prent van 'n Olifanter-Majanter teken, word die vreemde dierasie per ongeluk regtig ... en sluk vir Juffrou Alletea in! Nou moet die kinders hom agterna sit en hulle juffrou red, voor dit te laat is!

Also available
in ENGLISH!



Spesiale aanbod:
Koop jou Olifanter-Majanter CD
hierdie week @ slegs R89!

Normale prys R95 - aanbod sluit 1 Junie!

annaemm
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!


Aanbod sluit 1 Junie 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die maanmannetjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za